

# MYNuusblad



*Ontwikkeling van 'n 21ste eeuse Suid-Afrikaanse koper-sinkmyn*

**3DE UITGAWE** DESEMBER 2021

## WELKOM BY DIE NUUSBRIEF

**Welkom by die derde uitgawe van Orion se nuusbrief vir die gemeenskappe van Siyathemba en Van Wyksvlei. Met hierdie nuusbrief beoog ons om almal op hoogte hou van verwikkelinge by Orion en die mynboubedrywe, en ook met nuus wat ons gemeenskappe direk raak.**

## Nuusflits

**Vertel ons wat JULLE in die nuusbrief wil sien!**

Stuur idees vir Geraldo by Whatsapp **060 468 9549.**



## IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| **Boodskap van die uitvoerende hoof** | 2 |
| **Die stigting van n gemeenskap deelname** | 2 |
| **Onderhoud met Siyathemba Sokker liga president Ben Monokali** | 3 |
| **Gemeenskapsverwikkelinge** | 4 |
| Ontplooiing van B4H skoliermobiliteit by skole | 5 |
| Neem inentings na die gemeenskap | 5 |
| Skenking van baadjies aan Van Wyksvlei-leerders | 5 |
| **Geslagsgebaseerde geweld – Suid-Afrika se ander pandemie** | 6 |
| **COVID-19 – die stryd is nog lank nie verby nie** | 6 |
| **Kersboodskap** | 8 |

# BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE HOOF


Errol Smart / Managing Director and Chief Executive Officer

## Groetnis vir almal in die Siyathemba en Van Wyksvlei gemeenskappe.

Ons bereik vinnig die tweede jaar wat grootliks oorskadu is deur die COVID-19 pandemie met al die impakte en chaos wat dit gebring het. Ek weet daar is baie mense in ons gemeenskappe wat erg onder die virus gely het , en daar is ook mense wat die virus die hoof gebied het, maar wat sukkel om hulle gesondheid weer ordentlik te herwin. Andere het ook hulle werk en finansies verloor terwyl hulle ook hul studies moes onderbreek.

Teen hierdie agtergrond is dit steeds, en weereens, belangrik dat ons beleefd is teenoor ons medemense. Terselfdertyd is dit vir my uiters belangrik dat ons die geleenthede van die afgelope jaar goed benut het. En dit sluit in die beter verstandhouding wat ons tussen mekaar bewerkstellig het, en dat ons saamwerk vir ons gesamentlike beterskap. As hierdie gees van saamwerk in 2022 voortgesit word, is ons almal verseker van n beter toekoms.

Hierdie tyd van die jaar bied ons ook die geleentheid om terug te dink, om te reflekteer en om dankbaar te wees vir wat ons het, en vir die mense in ons lewens, en die krag wat moontlikhede vir ons bied.

**Bly en ry asb veilig. Ons sien almal uit na die aanbreek van n fantastiese nuwe jaar.**

# DIE VESTIGING VAN 'N GEMEENSKAP-DEELNAME RAAMWERK

Die Prieska koper-sink myn het op 6 en 7 Oktober 'n twee-dagse bosberaad met gemeenskap-leiers, verteenwoordigers en sakeforums aangebied, met die doel om ons werkverhoudinge met die Siyathemba gemeenskap en sakeleiers te versterk. Ons het dit bewerkstellig met die identifisering van sekere gebiede wat almal van ons kan bevoordeel.

Gegewe dat plaaslike werkverskaffing en verkryging die sleutel is vir ontwikkeling van die gemeenksap, het diegene wat bygewoon het n aspirasionele teiken van vyf jaar vir gemeenskap bywoning daargestel.

Hierdie belofte is in 'n gemeenskap bydrae raamwerk uiteengesit, met die volgende doelwitte vir die Prieska koper-sinkmyn:

- 50% werknemers van die gemeenskap;
- 30% van dienste en goedere vanaf die gemeenskap
- 40% van subkontrakteur geleenthede vir gemeenskap sake.

'n werkspan is reeds saamgestel om verdere kort-termyn en haalbare doelwitte te ondersoek.


Volgens Orion is die raamwerk gebaseer op die volgende doelwitte:

- die myn se bedryfsbehoeftes
- Billike koste struktuur wat nie die myn se finansies sal affekteer nie
- Doeltreffende lewering van goeie kwaliteit diens en goedere
- Die maksimering van belanghebbendes se voordele en aandeelhouers se opbrengste.

Orion is optimisties dat die raamwerk die geleentheid sal bied vir plaaslike kleinbesighede om onafhanlkik te floreer, of d.m.v gesamentlike ondernemings met groter, meer gevestigde verskaffers.



# ORION MINERALS GESELS MET SIYATHEMBA SOKKER LIGA PRESIDENT BEN MONOKALI.



## SIYATHEMBA SE SOKKER IS IN 'N LIGA VAN SY EIE

*Ben is mal oor sport – veral sokker, 'n passie wat hy sedert kinderdae koester, toe hy straat sokker speel. As president van die Siyathemba Sokker liga hoop hy om dissipline te ontwikkel en positiewe verandering aan te bring onder die jeug, ten spyte van die struikelblokke wat hulle in die gesig staar.*

### VAN WANNEER AF IS U BETROKKE BY SPORT?

Vandat ek ses jaar oud is.

Ek het straat sokker gespeel en was betrokke by atletiek, as n naelloper! Sport is gedurig deel van my lewe. In 2004 was ek deel van die Siyadlala massa deelname programme wat deur die Departement and Sport en Kultuur aangebied is. Ek het die Noordkaap as onder 17 verteenwoordig, en ook onder 15 vir sokker. Ek is tans die voorsitter van die plaaslike sokker-vereniging en van die Siyathemba Sportforum.

### WAT DOEN DIE SOKKERVERENIGING EN DIE SIYATHEMBA SPORTFORUM IN DIE GEMEENSKAP?

Die plaaslike sokkervereniging is direk betrokke by sokker en die sportforum fokus op alle sportkodes in Siyathemba, Marydale en Niekerkshoop.

### HOE HET DIE SOKKER LIGA IN DIE AFGELOPE TYDPERK PRESTEER?

Ons het 'n wenner gehad (die Young Lions FC), en daardie wenner het in die streek uitspeelwedstryde deelgeneem waar hulle gewen het. Hulle verteenwoordig tans Siyathemba in die streeks-SAB liga.

### HOE HET MAATSKAPPYE SOOS ORION MINERALS GEHELP MET SPORT ONTWIKKELING?

Orion Minerals en Mulilo se bydrae het 'n wesentlike verskil gemaak aan ons sokker. Oor die afgelope vyf of ses jaar het ons gesukkel on spanne te kry om hier te kom speel. Ek was sekretaris van die voormalige Siyathemba NFA, en ons het net ses deelnemende spanne gehad. Deesdae is daar 20 spanne.

### HOEKOM IS ONDERSTEUNING VAN SOKKER SO BELANGRIK IN SIYATHEMBA?

Die benutting van vrye tyd en ontspanning is 'n probleem in ons gemeenskap. Behalwe vir sport, het ons nie veel fasiliteite om mense besig te hou nie. As ons die jeug besig kan hou met sport-aktiwiteite, kan ons verhoed dat hulle in die moeilikheid kom. Ons huidige probleem is met die jonger kinders, wat dwelms en alkohol misbruik. Tesame met Orion en Mulilo, probeer ons om hierdie gevaarlike gewoontes die hoof te bied. As ons hulle besig hou is daar minder tyd vir kwaad doen! Immers verwys ons slagspreuk na "n kind in sport is 'n kind buite die hof".

### KAN U VIR ONS VERTEL VAN DIE STRUIKELBLOKKE IN DIE PAD VAN ONTWIKKELING VAN SPORT IN SIYATHEMBA?

Geriewe en vervoer. Dit is wat ons spanne terughou.

### WAT IS U HOOP VIR DIE TOEKOMS?

Dit was nog altyd my droom om te sien hoe 'n Siyathemba inwoner, vanaf hierdie streek, 'n professionele speler word. Die tweede wens is om 'n Siythemba-span sien deelneem in die ABC Motsepe liga.

Ons het besef dat dit nie so moeilik is om daar uit te kom nie, maar dat ons klein moet begin – met dissipline, wat baie belangrik is, en waar ons verbetering kan aanbring. Dissipline, vasberadenheid en toewyding. As jy oor daardie drie kwaliteite beskik, sal niks jou terughou nie.

*"Dit was nog altyd my droom om te sien hoe 'n Siyathemba inwoner 'n professionele speler word."*



*Football League President - Ben Monokali*

# ORION MIK NA NETTO-NUL KOOLSTOF UITLATINGS BY PRIESKA MYN

Met die erkenning dat klimaatsverandering een van die belangrikste globale uitdagings van ons tyd is, is Orion op soek na maniere om te verseker dat die Prieska Koper-Sink-projek geheel en al deur hernubare energie en groen waterstofbronne aangedryf word.

Ons het gesprekke met die Sentrale Energiekorporasie (CENEC) begin om te kyk hoe ons die projek as deel van CENEC se Prieska Krag Reserwe Projek kan insluit. Die Prieska Krag Reserwe Projek is 'n mega-skaal hernubare energie-spilpunt wat vir die Prieska-distrik beplan word.

Om toegang tot hierdie spilpunt te hê, sal Orion help om koolstofnet-nul by die Prieska-projek te bereik.

Orion se Besturende Direkteur en HUB, Errol Smart, het gesê die vooruitsig om die Prieska-myn op groen energie te bedryf is 'n uiters opwindende geleentheid om Prieska Myn te vestig as een van die wêreld se laagste koolstofvrystellingsbronne van koper en sink.

"Orion beoog om 'n leidende rol te speel in die ondersteuning van die vinnige wegbeweeg van fossielbrandstowwe soos steenkool. Dit is 'n werklik opwindende geleentheid vir ons om 'n belangrike rol te speel in die wêreldwye energietransformasie deur een van die grootste nuwe koperprojekte te lewer wat ons koolstofvoetspoor dramaties verminder.

Ons het ook 'n ooreenkoms met die hernubare maatskappy juwi, om die bou van ons eie hernubare energie-opwekkingsaanleg by die myn te ondersoek."

***"Klimaatsverandering is een van die belangrikste globale uitdagings van ons tyd."***

## Wat is 'n kweekhuisgas?

Die natuurlike verwarming van die aarde word deur die kweekhuiseffek veroorsaak.

Dit is wanneer die gasse in die atmosfeer hitte van die son vasvang en keer dat dit na die ruimte ontsnap. Kweekhuisgasse sluit koolstofdioksied, metaan, stikstofoksied en CFK's in.


Maar bevolkingsgroei en industrialisasie het meegebring dat die hoeveelheid kweekhuisgasse in die atmosfeer toeneem en toenemende hoeveelhede van hierdie gasse die planeet se natuurlike verwarmingseffek versterk en die planeet warmer maak.

## Wat is netto-nul emissies?

Netto nul gaan oor die bereiking van 'n balans tussen die kweekhuisgasse wat in die atmosfeer geplaas word en dié wat uitgeneem word. Deur die hoeveelheid kweekhuisgasse wat ons as 'n myn vrystel te balanseer met die hoeveelheid wat ons verwyder, hoop ons om 'n rol te speel om te keer dat die planeet oorverhit word.

## Wat is 'n koolstof-voetspoor?

Die term koolstofvoetspoor is 'n maatstaf van hoeveel koolstof in die lug gaan as gevolg van iets wat ons doen (nie van nature nie). Om iets te doen wat brandstof verbrand, sal koolstofdioksiedgas in die rook maak. Net soos om op die sand te loop 'n voetspoor laat, laat brandende brandstof koolstofdioksied in die lug, wat 'n koolstofvoetspoor genoem word.




*Bronne: nrdc.org, globalcitizen.org, icmm.com*

# NUUS OOR GEMEENSKAPS -PROJEKTE

## B4H LEERLINGMOBILITEIT BY PRIESKA SKOLE

Orion Minerals het die bekendstelling van die Leerlingmobiliteit projek in Oktober voortegesit. Die fietse is geborg deur Bicycles for Humanity Western Australia (B4H), helms deur Mulilo en weerkaatsers vanaf die provinsiale departement van opvoeding. Die fietse sal toegediêen work aan leerlinge wat bv ver van die skool af bly.

Prieska-gebore atleet en Olimpiese spele ster, Chederick van Wyk, het die oorhandigingseremonie by die JJ Dryer primêre skool, die Gariep hoërskool, en sy eie alma mater, RD Williams primêre skool en die Prieska hoërskool, bygewoon. Chederik het ook sy Tokyo Olympics 2021 frokkies vir die RD Williams skool geskenk, wat hy vanaf 2001 tot 2008 bygewoon het.

Hy het sy All Africa Games 2019 frokkie vir die Prieska hoërskool geskenk. Hy het vanaf 2009 tot 2014 daar skoolgegaan. Fietse sal binnekort by die Marydale, Niekerkshoop en Van Wyksvlei Leerders, beskikbaar gestel word.



## VAKSINES VIR DIE GEMEENSKAP

Met die opkoms van die nuwe COVID-19 variant en die toenemende infeksies dwarsoor die land, het Orion Minerals die Siyathemba Vaksine Veldtog van stapel gestuur. Die veldtog is einde November in Prieska geloods en het gefokus op die deelname van gemeenskapslede om saam die teen die virus te veg, deur te verseker dat hulle en hulle familieled ingeënt word.

Die veldtog is deur die Nasionale Gesondheidslaboratium diens se Vaksine outreach program, gemeenskap gesondheidswerkers en vrywilliges daargestel. Vaksine-dosisse is by die Bill Pickard hospitaal beskikbaar gestel. Dankie vir almal wat gevaksineer is – julle hou julself en ons gemeenskap veilig.




## SKENKING VAN BAADJIES AAN VAN WYKSVLEI LEERDERS

Orion het 'n eerste bondel skoolbaadjies aan leerders by die VwV Intermediêre Skool geskenk. Skoolhoof mnr L Hoorn het 35 truie of baadjies aangevra vir skoliere wie se ouers finansieel sukkel. Die Pixley Ka Seme-distrik het uiters koue toestande ervaar ten spyte van die koms van die lente. Weens 'n gebrek aan uniform voorraad by plaaslike kleinhandelaars is 18 baadjies in Upington aangekoop en aan die skool geskenk terwyl ons die res van die items bekom. Die baadjies sal bydra om 'n verenigde beeld by die skool te skep.



# GESLAGSGEBASEERDE GEWELD (GBV)

## SUID AFRIKA SE ANDER PANDEMIE

## HET JY GEWEET?

**DAAR IS NIE 'N SUID-AFRIKANER WAT ONBEWUS KAN WEES VAN DIE RISIKO WAT VROUENS IN ONS GEMEENSKAPPE – DWARSOOR DIE LAND – ELKE DAG MOET LOOP NIE.**

Vanaf **25 November tot 10 Desember** elke jaar word **16 Days of Activism against Gender-based Violence** herdenk. Hierdie jaar se tema was "From Awareness to Accountability". Hiermee word dit erken dat die meeste mense bewus is van GBV, en dat dit verkeerd is, en dat ons die fokus moet skuif na die verantwoording van die oortreders.


Hierdie gewaarwordinge is veral nou relevant, soos ons met COVID-19 saamleef, en met die impak op ons gemeenskappe. Dwarsoor die wêreld het huishoudelike geweld en GBV toegeneem.

Volgens Statistieke Suid-Afrika is minstens 20% van vrouens blootgestel aan fisieke geweld vanaf n eggenoot. Meer as 50% van alle gevalle van geweld teen vrouens word gepleeg deur iemand wat vir hulle bekend is. Die gewelddadigers is nie vreemdelinge nie. Hulle is nie monsters, duiwels of diere nie; hulle is gewone mans, mans wat ons op straat sien, mans wat ons elke dag sien, met wie ons uitgaan of met wie ons sport kyk. Dit is die mense wat vir hulle gedrag moet verantwoord.










# COVID-19 UPDATES



## DIE STRYD TEEN COVID-19 IS LANK NIE VERBY NIE – KOM ONS BLY VEILIG

Covid-19 is besig om vinnig oor die land te versprei, met hoë aantalle mense wat positief is. Met die nuwe variant is dit nog meer belangrik om gevaksineer te word en om jou gesin, gemeenskapslede en kollegas aan te moedig om ingeënt te word.


Dit is ook baie belangrik dat ons aanhou – indiwidueel en gesamentlik – om waaksaam te wees. Ons moet almal, by die huis, die werk in ons gemeenskappe gereeld al die COVID-19 voorsorgmaatreëls toepas.


Gebruik altyd ’n masker as jy in die openbaar verkeer, of as jy saam met mense binne in ’n vertrek is, of op busse en treine; onthou om op ’n veilige afstand van jou medemens te bly, was of ontsmet jou hande gereeld en vermy groot groepe. Ventilasie help ook – hou vensters oop as jy binnenshuis verkeer, andersins maak dit sin om in die buitelug met jou vriende te kuier.


Onhou, as jy siek voel, en as jy verkoue of griep simptome het, of indien jy blootgestel is aan iemand met Covid-19, moet jy so gou moontlik getoets word, en by die huis bly om te verhoed dat die virus verder versprei word.

Ons moedig almal aan om vir ’n COVID-19 vaksine te registreer en om op die afgesproke tyd en datum op te daag. As jy jonk en fiks is, is dit jou plig om ouer mense wat nie altyd by die internet kan aansluit nie, te help.

Selfs al kry jy COVID-19, bied die vaksine die beste kans om te verhoed dat jy ernstig siek word, gehospitaliseer moet word of dat jy doodgaan.




### WEES DEEL VAN ’N GESONDER TOEKOMS

Ons moedig almal wat kwalifiseer om te registreer, en om ander in die gemeenskap, wat dalk nie toegang het tot die internet nie, te help.

Daar is vier maniere om te registreer:

- Aanlyn by https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/
- Met WhatsApp – stuur “register” na **0600 123 456**
- Skakel ***134*832*jouIDnommer#**
- Skakel ***134*832#** as jy nie ’n ID nommer het nie

**#WeChooseVacciNation.**
Together we can **#BeatCovid.**



# ONTHOU



## Portaal vir verskaffers

Terwyl Orion nog in die beginfases van eksplorasie en projek ontwikkeling betrokke is, en omdat geleenthede nog skaars is, versoek ons verskaffers wat sake-geleenthede met ons wil deel om aanlyn op ons verskaffer portaal te registreer:

https://www.orionminerals.com.au/procurement-su.

## Werwingsportaal

Lede van die gemeenskap wat in werksgeleenthede belangstel by Orion word aangemoedig om te registreer op on CV databasis op https://www.orionminerals.com.au/careers/cv-uploads/

# KERSWENSE

Van ons almal in die Orion familie, aan elkeen van julle, julle gesinne en geliefdes, ’n Geseënde Kersfees, veilige en Voorspoedige Nuwe Jaar.



**NAVRAE/KONTAK**



**Wees op die uitkyk vir ons mobiele gemeenskapkantoor in you gebied.**

**Of whatsapp ons op 060 468 9549**